

Christus is God se gawe aan ons. Hy is nie ons voorbeeld nie

ds. PJ Kriel

Vyfde Reformasie preek

27.08.2017

Liturgie 1.258: 1-3; 2. 241: 1 en 3; 3. 528: 1-3; 4. 486: 1-3.

Inhoud Hierdie preek is 'n verwerking en uitbreiding van Martin Luther se preekinleiding: “'n Kort handleiding van wat 'n mens in die evangelie moet soek en verwag”, wat hy in 1521 tydens sy verblyf in Wartburg geskryf het. Jesus Christus is in sy heilswerk: sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding, God se gawe aan ons. Hy is nie in sy heilswerk vir ons 'n voorbeeld van wat ons self moet wees en doen nie. Hierdie onderskeid tussen gawe en voorbeeld wys weer wat die evangelie is. Dit is die inhoud van ons apostoliese geloofsbelydenis, alles wat Jesus doen en wie Hy is. Die wet, al God se gebooie, liefde vir God volgens die groot gebod, gebed, getuienis en die geskiedenis van Israel is nie die evangelie nie. Net wie Christus is en die beloftes wat Hy in die Ou Testament vervul, is die evangelie in die Bybel. Net deur die evangelie, sonder die wet, laat die Here ons heilig en heiliges wees. Almal wat glo of wys hulle is heilig omdat hulle Jesus se voorbeeld volg, is huigelaars.

Skriflesing Kolossense 1: 1, 2, 21, 23; Romeine 1: 1-7; 8: 31-34; Luk 1: 69-75.

Teks Romeine 8: 32 “Christus Jesus het gesterf – meer nog: Dit is Hy wat opgewek is, wat aan die regterhand van God sit, en wat ook vir ons intree.” Rom. 8:34.

Tema Christus is God se gawe aan ons. Hy is nie ons voorbeeld nie.

1. Ek wil vanoggend in die preek graag vir u een van die deurbrake wat Martin Luther deur die afgodsdienste van die Rooms Katolieke Kerk (RKK) met die Reformasie gemaak het, behandel in die preek. Ek doen dit uit die kort inleiding wat hy geskryf het vir 'n preekreeks wat hy opgestel het. Hy het hierdie preekreeks opgestel terwyl hy in die kasteel van Wartburg in die jare 1521/22 vir die keiser en pous deur sy vriende weggesteek was. Die keiser het hom in effek ter dood veroordeel. In vandag se taal sal ons sê dat president Zuma en die kabinet het hom op versoek van die kerk ter dood veroordeel.

Die inleiding van hierdie preekreeks se titel is “'n Klein handleiding vir wat 'n mens in die evangelie moet soek en verwag.” Dit was een van die belangrikste ontdekkings wat Luther in die Bybel gemaak het: wat is volgens die Bybel die evangelie. Met hierdie ontdekking van die evangelie in die Bybel, is die bestaan van Rooms Katolieke heiliges en hul verering as heiliges vernietig gewees.

Hoeveel heiliges het ons in ons gemeente?

Volgens die RKK is daar in die hele Bybel, en in die hele kerk vanaf die Here se opstanding tot vandag toe, nog net 8050 heiliges gewees. Nie een van die ander 1.2 biljoen Rooms Katolieke vandag is volgens die RKK heiliges nie, ook nie die ander 1

Christus is God se gawe aan ons. Hy is nie ons voorbeeld nie

biljoen Christene wat nie Rooms Katolieke is nie. Dit wil sê van af die Bybelse tyd, so 2000 v. C. tot 2017 na Christus se biljoene kinders van God oor 4000 jaar is daar nog net 8050 Christene wat heiliges geword het.

2. Kom ons vra weer: wie ken u in ons gemeente wat volgens die Bybel 'n heilige is?

Elke jaar wanneer ons met die finalejaars katekisasië se katekisasië begin, is dit een van die vrae wat ek aan hulle vra: wie van julle is heilig, is 'n heilige? In 32 jaar kon ek nog nooit 'n kind kry wat met die begin van die katekisasië 'n heilige is nie.

Veral wanneer ek vir hulle verduidelik dat om 'n heilige te wees beteken dat jou liefde vir God volkome is volgens die Tien Gebooie. Heilig is volkome liefde, heel liefde. Liefde met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en al jou kragte. Wie God so liefhet se liefde vir God is heilig, en wie God so liefhet, en sy naaste soos homself volgens die wet van God – is 'n heilige.

Wanneer ek dit verduidelik het, dan is daar regtig nie een katekisasiër wat wil aanspraak maak om een van die heilige tieners van Levubu te wees nie.

3. Die Bybelvertalers van 1983 het so met hierdie woord gesukkel dat hulle dit grotendeels heeltemal wegvertaal het uit die Bybel.

Ek het vir u spesifiek die Nuwe Direkte Vertaling gelees om dit vir u te kan uitwys. In Kolossense 1 vers 2 staan “aan die heiliges in Kolosse”, Vers 4 stel: “ons het gehoor van julle geloof in Christus en die liefde wat julle vir al die heiliges het.” In Romeine 1:7 stel Paulus: “aan al die geliefdes van God wat in Rome is, geroepe heiliges.” In die 83 vertaling word heiliges wegvertaal in 1 vers 2 met “almal wat aan God behoort” en vers 4 met “gelowiges.” Rom. 1: 7 word die woord “geroepe heiliges” vervang met “geroep om aan Hom te behoort.”

Dit was 'n baie duidelike keuse van die vertalers om die woord “heiliges” weg te vertaal. Daarom vertaal hulle Luk 1: 75 as “in vroomheid en opregtheid al die dae van ons lewe, terwyl die Grieks lees: “en al ons dae voor Hom in heiligheid en geregtigheid kan leef.” Die hele boek Handelingte noem Christene hoofstuk vir hoofstuk “die heiliges”, maar dit is heeltemal wegvertaal en lees nou in die 1983 vertaling net “gelowiges”. (Vergelyk 9:32, 41, 26: 10)

So! In die 1983 vertaling is daar ook nie meer heiliges in die Bybel nie, net mense wat aan die Here behoort, vir God afgesonder is of gelowiges is. Maar in die Bybel spreek Paulus feitlik elke gemeente se lidmate, al die lidmate die gemeentes, aan as die heiliges. (Rom.1:7; 1 Kor.1: 2; 2 Kor. 1: 1; Efe. 1:1; Fil. 1: 1 en Kol.1:1.)

Volgens Paulus was elke lidmaat in elke gemeente wat deur sy evangeliebediening tot stand gekom het 'n heilige gewees.

Christus is God se gawe aan ons. Hy is nie ons voorbeeld nie

4. Hoekom het die Rooms Katolieke Kerk net 8050 heiliges en ons niks nie, en glo nie een van ons ons is een van die heiliges nie, maar elke gelowige in elke nuwe gemeente in die Nuwe Testament was heiliges gewees?

Dit is die deurbraak wat Luther gemaak het toe hy die betekenis van die woord “die evangelie” in die Bybel ontdek het soos Paulus dit aankondig in Romeine 1.

Ons kan dit met hierdie volgende vraag ontsluit? Het Jesus Christus gekom om deur sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding

- vir ons te wys wat om vir God te doen,
- of om Homself vir ons God se gawe te maak?

Om vir iemand te wys wat hy moet doen, is mos totaal iets anders as om jouself as gawe aan iemand te gee. Dink maar aan geliefdes. Om jouself as verloofde te gee is mos totaal iets anders as om vir die ander te wys hoe om wat te doen!

Martin Luther wys in sy preekinleiding dat mense in sy tyd gedink het dat die evangelie is die naam van die eerste vier boeke in die Nuwe Testament. In vandag se vakwetenskaplike taal sal dit beteken die woord “evangelie” is ’n literatuursoort. Met hierdie opvatting het Paulus dan nie vir ons die evangelie gegee nie, maar net ’n paar briewe.

5. Hy stel dat met hierdie wanopvatting oor wat die evangelie is, dink mense dat die Bybel gaan oor hoe Jesus vir ons wys wat om vir God te doen. Hoe ons die Here se geboorte moet gehoorsaam, hoe ons God moet liefhê, hoe ons tot bekering moet kom, hoe ons moet bid, is dan alles evangelie omdat Jesus vir ons sou wys hoe om hierdie dinge vir God reg te doen.

Dit is ook hoe elke kind vir 32 jaar lank dink en glo wanneer ons met die belydenisklas begin. Hulle glo die Bybel, die hele Bybel is die evangelie, of baie keer sê hulle baie eerlik, dat hulle nie ’n idee het wat beteken die woord die evangelie nie.

Kyk weer na Romeine 1 verse 1 tot 7. Hier gee Paulus vir ons die mees volledigste beskrywing van wat is die saak wat die Bybel “die evangelie” genoem word.

Dit klink so:

Jesus is as mens gebore uit die geslag van Dawid, dit is uit die maagd Maria,
Jesus is die God die Vader se Seun,
Jesus het uit die dood opgestaan, na Hy gely, gekruisig is en gesterf het,
Jesus is aan die regterhand van God met krag as die Seun van die Vader aangewys
Jesus is Christus ons Here.

Christus is God se gawe aan ons. Hy is nie ons voorbeeld nie

Dit en dit alleen is die evangelie.

6. Die evangelie is nie die Tien Gebooie nie, nie die liefdesgebod nie, nie gebed nie en ook nie die geloofsgeskiedenis van die volk Israel nie. Daarom kan ons nooit sê dat die Bybel is die evangelie nie. Die evangelie is net die deel van die Bybel waarin Jesus Christus met sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding die twee groot beloftes van God in die Bybel waarmaak.

Daarom stel Martin Luther ook dat hierdie beloftes van die Here in die Ou Testament is ook die evangelie.

Dit is die belofte van Dawid dat God aan ons 'n Seun sal gee, vir ons 'n Seun gebore sal laat word, en dat hierdie Seun ons sal regeer deur reg en geregtigheid. Jes. 9. Dit is die belofte dat hierdie Seun God se kneg sal wees wat ons sondes op Hom sal neem en die straf wat ons moet kry vir ons sal dra. Jes. 53.

Dit is die beloftes aan Abraham dat God ons sal reinig van onreinheid, van afgodery, ons 'n nuwe hart en verstand sal gee wat God liefhet en eer en ons deur sy Gees sal regeer. (Eseg. 36: 24- ; Jer. 31:31-)

7. Wanneer u die evangelie lees, gaan dit

- oor wat die Here vir ons wys wat om te doen, of
- oor wat Hy vir ons doen wat ons self nooit kan doen en wees nie?

Daarom maak Luther na sy ontdekking dat die evangelie nie gaan oor die Here wat vir ons wys wat om te doen nie, maar vir ons doen wat ons self nie kan doen nie, hierdie dodelike stellings teen sogenaamde heiliges:

- Jesus se lewe as voorbeeld het vir ons geen waarde nie, dit help ons niks nie
- en sou Jesus se lewe vir ons 'n voorbeeld wees van hoe ons moet leef, dan maak Jesus ons net huigelaars.
- Hy stel dat as Jesus vir ons net 'n voorbeeld sou wees hoe om God en mense lief te hê, sou ons gewoon net heidene bly.
- Hy stel dat sou Jesus vir ons net 'n voorbeeld kom stel het om vir ons te wys hoe ons God en ons naaste moet liefhê, dan is hy vir ons niks meer werd as al die Rooms Katolieke heiliges nie, want dit is al wat hierdie sogenaamde heiliges doen: hulle wil vir jou die voorbeeld stel hoe jy God en jou naaste moet liefhê.

Christus is God se gawe aan ons. Hy is nie ons voorbeeld nie

Sou Jesus vir ons kom wys het hoe om lief te hê, is Hy vir ons net so nutteloos soos al die sogenaamde heiliges wat vir ons elke dag wil wys hoe hulle Jesus lief het en dat ons vir Jesus moet lief hê, soos hulle Jesus liefhet.

Jesus wat vir ons wys en leer hoe om God lief te hê, help ons niks nie. Dit is wat die Tien Gebooie en die liefdesgebod ons ook wys en hierdie gebooie help ons niks nie.

Hoekom nie?

Dis is doodeenvoudig. Ons kry dit nie reg om te doen wat God vir ons in die Tien Gebooie en die opsoming daarvan, die liefde vir God en ons naaste te gehoorsaam nie.

Wat gaan dit my help as Jesus dit kan doen en dan vir my probeer wys dat as hy dit kan doen, dan moet ek dit ook kan doen? Ek kan dit nog steeds nie doen nie, al wys Hy vir my hoe Hy dit reggekry het. Dit is net soos met selfone vandag. Wanneer een of ander selfvoldane tiener vir ons vinnig wys hoe maklik dit is om alles om die rekenaar of selfoon te doen, help hierdie gewysery ons net absoluut mooi niks nie. Dit help ons nie dat iemand vir ons wys hoe om iets te doen wat ons nie kan doen nie. Na al die gewysery kan ons dit nog steeds nie self doen nie.

8. Daarom is dit nie die evangelie dat Jesus vir ons kom wys het hoe om God en ons naaste lief te hê nie. Die evangelie is dat die Here Jesus Homself vir ons gee om te doen en te wees wat ons nie kan doen en wees nie, en ons in Homself in te sluit om wat Hy vir ons doen en is met Hom te deel.

Dit is wat Paulus aankondig met hierdie sin in Romeine 8: ³² Hy wat selfs nie sy eie Seun gespaar het nie, maar Hom ter wille van ons almal oorgelewer het – sal Hy nie ook saam met Hom alles aan ons skenk nie.”

Christus is as heilig en regverdig in sy liefde vir God en sy naaste. Hy word nie die oordeel en straf gespaar van mense wat onheilig en onregverdig is nie. Hy deel hulle straf en oordeel. Christus gee Homself vir ons om in ons plek te wees wat ons nie kan wees nie en in ons plek te doen wat ons nie kan doen nie. In ons plek, vir ons is Hy heilig en regverdig en in ons plek vir ons is Hy veroordeel en gestraf.

Daarom moet ons goed hoor wat beteken die sin: “Christus Jesus het gesterf – meer nog: Dit is Hy wat opgewek is, wat aan die regterhand van God sit, en wat ook vir ons intree.” Rom. 8:34.

Christus wat intree beteken dat Hy ons in Hom, wie Hy is en wat Hy doen so insluit dat deur hierdie insluiting ons alles saam met Hom is en deel wat Hy vir ons gedoen het.

Christus is God se gawe aan ons. Hy is nie ons voorbeeld nie

Wie Hy en en wat Hy doen – is alles dinge wat Hy vir ons skenk – saam met Hom, bedoelende Hy skenk dit deur ons in te sluit in Homself en met ons te deel. Hy gee Homself nie as die groot voorbeeld uit nie. Hy gee Homself om te wees wie ons nie kan wees nie en te doen wat ons nie kan doen nie om dit met ons te deel.

9. Wie is die Heiliges?

- Hulle vir wie Jesus die groot voorbeeld is wat vir hulle wys hoe om te doen wat Hy gedoen het en om te wees wat Hy gewees het, of
- Hulle vir wie Jesus saam met Hom as gawe wat Hy vir hulle gee, alles saamgee wie Hy is en wat Hy doen?

Die Heiliges is hulle wat Jesus as gawe ontvang en alles wie Hy is en wat Hy doen met Hom as gawe deel.

Want Hy is as mens in sy liefde heilig en regverdig, vandag nog in die hemel. Hy sluit ons in Homself in om dit met Hom te deel en daarom deel ons wie Hy is, heilig, regverdig en deel ons wat Hy gedoen het, om gestraf te word en te ly, sonder dat ons dit ooit self hoef te wees.

Hy sluit ons in en laat ons in Hom deel omdat ons juis nooit kan wees wie Hy is en kan doen wat Hy doen nie. So is Hy vir ons 'n Helper, Redder en Verlosser!

Kyk hoe stel Paulus dit in Kol.1! Ons is heilig, sonder smet en onberispelik vir God. Ons is die heiliges van God, deur die hoop wat die evangelie in ons skep! Ons is ingesluit in Jesus Christus.

Wie is die heiliges in die gemeentes van Rome, Efese, Filippi, Kolosse, Korintiërs en Tessalonisense gewees? Elke mens wat tot geloof in Jesus Christus gekom het, want elke mens wat tot geloof in Jesus Christus kom, is ingesluit in Jesus soos Hy Homself as gawe gee en ons in alles laat deel in wie Hy is en wat hy doen.

10. Daarom wys Martin Luther in hierdie kort preekinleiding oor wat 'n mens in die evangelie moet soek en verwag, dat die geskiedenis van Jesus se geboorte, lyding en opstanding is ons eie geskiedenis. Dit is hoe ons die evangelie van Christus in die Bybel moet lees en hoor.

Kom ons vat 'n voorbeeld!

Hoekom is ons eie volksgeskiedenis vir ons so belangrik en stel ons nie regtig belang in ander gemeenskappe se geskiedenis nie? Want hulle geskiedenis raak ons nie! Ons volk se eie geskiedenis raak my want dit is wie ek is wat ek is. Toe die Groot Trek begin het, het dit vir my die binneland oopgemaak, omdat ek deur my familieverbinten en volksverbinten eintlik ingesluit is in wat hulle gedoen het.

Christus is God se gawe aan ons. Hy is nie ons voorbeeld nie

Net so toe, die slag van Bloedrivier is my eie geskiedenis want deur hierdie oorwinning is die mag van die tirannie van diktators gebreek vir 'n vrye gemeenskap waarvan ons vandag deel is. Met elke skermutseling van die vryheidstryd teen Britse Ryk is ek ingesluit want daarmee het ons ons van die oorheersing van Europese kolonialisme bevry en net so is elke insident van weerstand en verset teen die oorheersing van Afrikanisering my eie geskiedenis wat daarmee handhaaf ek ook my eie vryheid van die Afrika-kultus.

Ek deel is alles wat in hierdie gebeure plaasgevind het want deur my volk en familie verbinten is ek ingesluit daarby!

Dit het Martin Luther in hierdie preek inleiding weer vir die kerk oopgebreek. Die geskiedenis van Jesus Christus is nie 'n vertelling van gebeure wat ons nie raak nie. Omdat die Here ons insluit en met Homself in sy menswees verenig, is elke deel van Christus se geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding, ons eie geskiedenis. Elke gebeurtenis van Christus se lewe open vir ons 'n nuwe lewe met Christus.

Daarom hoor en lees ons die evangelie van Christus as ons eie geskiedenis waarin ons ingesluit is en deel van is.

11. Nou hoe kry die RKK dit reg om net 8050 heiliges in die hele Christelike kerkgeskiedenis van 4000 jaar te kan aanwys?

Want hierdie is die geestelikes wat Jesus as voorbeeld nagevolg het en is die enigstes wat dit reggekry het om soos te leef, te wees en te kon doen wat Jesus gedoen het! Die ander biljoene het dit probeer, maar dit nie reggekry nie.

Dit is werklik die geestelikheid van die Rooms Katolieke Kerk! 8050 het dit reggekry om heiliges te word en is nou vandag saam met Jesus heiliges.

Wat beteken dit vir die kerk? Ons het nie net een wat heilig en regverdig was en geleef het en nou vandag vir ons by God intree nie, ons het nou vandag 8050 geestelikes wat dit reggekry het om self heilig en regverdig te leef en te wees net soos Jesus!

Dit beteken dat 2.2 biljoen Christene hierdie 8050 moet vereer en aanroep as heiliges! Want volgens die RKK het hulle so heilig geleef, net soos Jesus vir hulle gewys het, dat meer God en hul naaste meer lief gehad het en vir God en hul naaste meer goeie dinge gedoen het as wat hulle vir hul self nodig gehad het om te doen. Daarom kan die oorfloed van hul heilige lewe vir jou ook tel, want dit was te veel gewees om net vir hulle self te tel.

Christus is God se gawe aan ons. Hy is nie ons voorbeeld nie

Hierdie 8050 heiliges het God so liefgehad, net soos Jesus vir hulle gewys het, dat hulle baie nader aan God is as gewone lekelidmate. Hulle is op 'n baie vriendeliker voet met God omdat hulle net soos Jesus, sy eie Seun geleef het. Daarom kan jy vir hulle bid en vra om vir jou by god in te tree en vir jou by God versoek te rig, wat nie op so goeie voet met God is omdat jy nie leef soos Jesus vir jou gewys het hoe jy moet leef nie.

Hulle so naby aan God, so vriende met god, dat hulle vir jou kan bid en regkry wat jy nie self by god kan regkry nie. Hulle so na aan god, dat in hulle naam, mense gesond kan word, beskerm kan word – want die Here doen dit nie allee nie – doen dit deur 8050 wat Hy opgelei het en wat opleiding geslaag het om heiliges te wees.

Meet nog, omdat hulle so naby aan God leef, soos Jesus vir hulle wys, kan jy deur hulle naam as die heilige Patrick, die heilige Anna, en ons het nou in Venda ook een, die heilige Daswa, ook gesond word en kan daar in hulle naam vir jou wonderwerke gebeur. Want volgens die RKK kan jy net 'n heilige word as daar in en deur jou naam wonderwerke gebeur net soos met Jesus.

12. Dit was die deurbraak wat Luther gemaak het wat alle heiliges laat verdwyn het!

Die Here is nie ons voorbeeld nie! Hy is ons Redder! Hy wys ons nie wat om te doen nie. Dit sal ons absoluut niks help nie! Hy leef soos ons nie kan leef nie om sy lewe met ons te deel. Hy dra die straf en oordeel wat ons nie kan dra nie om dit met ons te deel. Hy is heilig en regverdig om dit met ons te deel en so –

is elke gelowige 'n heilige! volgens die Woord van God is daar dan 2.2 biljoen heiliges vandag!

Die wat wys hulle kon doen wat Jesus vir hulle gesê het wat om te doen en hulle kan leef soos Jesus vir hulle wys hoe om te leef, net soos Hy geleef het, is nie ons helpers nie.

Hulle is huigelaars! Hulle verduister die evangelie en maak die evangelie van die Here net weer 'n nuwe stel reëls wat nog moeiliker as die Tien Gebooie self is. Hulle maak van die Here se geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding nog moeiliker reëls om te gehoorsaam as die liefde volgens die Tien Gebooie.

Hulle maak van die evangelie dat Jesus Homself vir ons as gawe gee, om ons in alles wat Hy gedoen het, in te sluit, net weer 'n klomp wette van hoe jy soos Jesus moet leef wat ons uitsluit uit wie Jesus vir ons is en wat Hy vir ons gedoen het. Want ek kan nie wees wie Jesus is en doen wat Jesus gedoen het nie, vir Hom om vir my te sê en te wys wat Hy vir my is en doen as voorbeeld om self te doen – help my

Christus is God se gawe aan ons. Hy is nie ons voorbeeld nie

absoluut niks nie. Ek kan nie soos Hy wees nie! Maak nie saak hoe mooi Hy dit vir my verduidelik of hoe mooi Hy dit vir my wys nie. Ek kan nie soos Jesus wees nie.

13. Het ons vandag Reformasie nodig?

Hoekom glo so min in die NG Kerk hulle is heiliges? Hoekom is dit nie deel van elke NG lidmaat se geloofsidentiteit dat elkeen 'n heilige is nie?

Want die NG Kerk leer dat net hulle wat vervul is met God se krag kan soos Jesus leef! Dit is die hele Pinksterbedryf in die NG Kerk. Ons moet elke jaar Pinksterdienste vir 10 dae lank hou, want dit is waar mense, net sommiges, die krag ontvang om heilig te kan leef en te kan wees. Hierdie nuwe wyse waarop net enkele gelowiges die lewe van heiligmaking kan leef en op heiliges word, word openlik vir meer as 150 jaar al so openlik verkondig:

- Gewone gelowiges wat glo in Jesus is gered, maar het nog nie met 'n lewe van heiligmaking begin nie. Hulle kan nog nie heilig wees of leef nie.
- Al glo hulle in Jesus kan hulle nog nie met die krag van God soos Jesus leef nie.
- Om soos Jesus te kan leef en soos Jesus te kan wees, moet jy na jy tot geloof gekom het met die krag van God vervul of gedoop word.
- Dit is eers wanneer jy met die krag van God vervul word en God sy goddelike lewe deur jou kom leef dat jy soos Jesus sal kan bid, soos Jesus sal kan leef, soos Jesus sal kan liefhê, soos Jesus sal kan genees, soos Jesus ook wonders kan doen, soos Jesus vir ons kom wys het hoe om so goddelik te wees en met goddelike krag te leef soos Hy geleef het.
- Wanneer hierdie lewe van heiligmaking leef soos Jesus vir ons gewys het hoe om te leef, dan sal ons God se oë, God se hande, God se voete, God se ore word vir mense en sal ons God se liefde so uitstraal dat hulle god se liefde in ons sal kan ervaar. Dan sal ons ook vir mense wat nie so na aan God leef nie, voorbidders by God word omdat ons weet hoe om mense aan God op te dra.
- Dan sal God ook vir hulle wat soos Jesus in die krag van God leef genesers en wonderbewerke maak.
- Hierdie lewe van heiligmaking na jy tot geloof gekom het, kan net 'n paar mense werklik uitleef en bereik, al probeer almal

14. Wat help hierdie nuwe godsvervulde geestelikes op die kansels en in die gemeentes gewone gelowiges? Net mooi niks! Hulle maak vir ons van die evangelie

Christus is God se gawe aan ons. Hy is nie ons voorbeeld nie

van die Here Jesus Christus met die voorbeeld wat hulle glo hulle is, net weer 'n klomp nuwe geestelike wette wat niemand of verstaan of kan doen nie, behalwe hulle! Sê hulle. So sluit hulle ons uit van die evangelie! Deur vir ons 'n voorbeeld te wees dat hulle net so kragtig leef soos Jesus geleef het!

Kom ons kyk na hoe hulle die evangelie nog 'n moeiliker klomp wette maak as die Tien Gebooie wat ons nie so kan gehoorsaam dat ons self heilig en regverdig is nie!

Ons kan nie die gewone Tien Gebooie soos Jesus gehoorsaam nie. Wie van ons kinders kry dit reg om dronk ouers te eer soos God sê jy nog steeds dronk eerbied vir 'n dronk ma en pa moet hê? Ons kan nie soos Jesus hierdie gebod gehoorsaam nie en nou kom Jesus volgens hulle en word gebore sodat ons ook soos Jesus eers 'n klein babatjie in 'n krip moet word om soos Jesus God in ons lewe te kan ontvang?

Wat help hierdie nuwe manier naas die Tien Gebooie om soos Jesus te wees en te leef ons? Ek weet ten minste wat die Here van my verwag om drink ouers te eer, al kan ek dit nie soos Jesus doen nie, maar hoe moet ek nou hierdie nuwe geestelike wette gehoorsaam: word eers soos Jesus 'n klein baba in jouself voor God in jou lewe inkom? Hierdie nuwe evangeliese wette verstaan ek nie eers nie! Nou hoe moet ek nog soos Jesus wees as ek nie eers verstaan hoe ek soos Jesus moet wees nie?

Hierdie voorbeeld wat Jesus nou vir ons sou kom stel, sluit my uit van Hom. Dit maak my nie deel van Hom nie, want ek kan nie soos hierdie tipe Jesus wees nie. Sy voorbeeld om in 'n stal en krip gebore te word, help my net mooi niks nie!

15. Hierdie nuwe tipe heiliges in die NG Kerk maak van Jesus se lyding vir ons 'n voorbeeld van hoe ons soos Jesus moet ly. Voel u baie ingesluit in hierdie voorbeeld van Jesus wat hulle vir ons voorhou?

Soos Jesus Homself verneder het voor die beledigings, die spot en gehekel van die wêreld, net so moet ons leer ons eers ons self voor God te verneder, voor God ons die heerlijkheid sal gee om in die krag van sy gees te leef!

Ons sukkel met die gewone Tien Gebooie en kry dit nie eers reg om volgens die gewone Tien Gebooie soos Jesus te leef nie. Wie van ons kry dit heeltemal reg om nie egbreuk met ons oë of ons hart of ons liggaam te pleeg nie wanneer God sê dat in hierdie huwelik met hierdie hardvogtige man en hierdie vrou wie se liefde soos 'n yskas is, ek nie egbreuk mag pleeg nie? Terwyl ons met die gewone Tien Gebooie nie soos Jesus kan wees of leef nie, kom hierdie geestelike nou met nuwe evangeliese wette dat ek myself soos Jesus moet verneder voor God? Ek het nie 'n idee hoe Jesus Homself verneder het nie. Ek weet nie wat Hy van my verwag as ek soos Hy verneder moet word nie en dan moet ek hierdie nuwe voorbeeld volg wat ek nie weet waarvan is Hy nou eintlik 'n voorbeeld nie! 'n Jesus wat my wys om myself

Christus is God se gawe aan ons. Hy is nie ons voorbeeld nie

voor God te verneder soos Hy verneder is, help my absoluut niks nie. Met hierdie wet om soos Hy verneder te leef, sluit die Here my heeltemal van Hom uit!

16. Jesus se kruisiging, sterwe en opstanding is die voorbeeld hoe ons ons eie ek moet kruisig, ons eie ek moet afsterf sodat ons God in ons lewe kan laat opstaan, sê hulle wat wys hulle het dit reggekry om soos Jesus te wees.

Voel u nou ingesluit in die geskiedenis van die Here of voel u uitgesluit uit die geskiedenis van die Here, as sy lewe die voorbeeld is wat jy met jouself moet doen?

Ons kry dit nie eers reg om die gewone gebod te onderhou dat ons nie mag steel nie, al kan ek my eie plaas en besigheid verloor, as ek nie geld verduister nie. Ek kan nie soos Jesus nie steel nie en nou moet ek nog soos Jesus myself kruisig, sterf en God in my lewe laat opstaan? Ek verstaan nie 'n snars van hierdie nuwe reël nie, en dan moet ek dit nog soos Jesus doen? Ek kan nie soos Jesus my eie-ek kruisig, my eie ek dood maak en nog minder kan ek God in my opwek nie.

Om vir my met 'n grootdoop te wys jy het dit reggekry om soos Jesus te sterf en op te staan, beteken vir my niks nie. 'n Jesus wat vir my wys hoe ek soos Hy myself moet kruisig, laat sterf en opstaan uit die dood, beteken vir my absoluut niks nie. Van hierdie Here is ek uitgesluit. Sy voorbeeld sluit my uit, nie in nie.

As dit is hoe mense heiligmaking leef en verkry, kan ek net nooit 'n heilige wees nie!

15. Kyk wat kondig Paulus oor hierdie sogenaamde voorbeeld wat Jesus in sy heilswerk vir ons sou wees in Kolossense aan:

“²² Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel. ²³ Maar dan moet julle sterk en vas bly staan in die geloof en julle nie laat losruk van die hoop wat in julle gewek is deur die evangelie wat julle gehoor het nie.”

Wat noem 'n mens iemand wat heilig, sonder smet en onberispelik is? Jou noem hom 'n heilige! Daarom noem Paulus die lidmate van die gemeente Kolosse “die heiliges in Kolosse” 1:1 (1953 vertaling en Nuwe Direkte Vertaling) Heilig deur die hoop wat die evangelie in hulle gewek het. Die evangelie waar die Here Jesus nie gekom het om met sy heilswerk, sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding, vir ons 'n voorbeeld te wees nie, maar Homself vir ons 'n gawe te maak!

Die Vader het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom as die gawe gegee om vir ons te ly, gekruisig te word, te sterf en uit die dood uit op te staan. En Hy gee Homself sodat ons in Hom ingesluit en verenig te word om alles wie Hy is en wat Hy doen met ons te deel. So tree Hy in en skenk Hy alles wie Hy is en wat Hy doen vir ons as gawe. (Rom. 8: 31- 34)

Christus is God se gawe aan ons. Hy is nie ons voorbeeld nie

Daar is nie 'n Jesus wat vir ons in sy heilswerk 'n voorbeeld is nie. Hy is alleen wie Hy is en doen alleen wat Hy doen omdat ons dit nie kan wees of doen nie.

Die hoop in ons is dat die evangelie is nie net weer 'n nuwe wet, 'n nuwe manier waarop ons soos Jesus moet wees nie. Dit is die geskiedenis van hoe die Here die mens geword het wat ons nie kan wees nie, die lewe geleef het wat ons nie kan leef nie en die prys betaal het wat ons nie kan betaal nie.

Hy is ons gawe! Hy is nie ons voorbeeld nie!

16. In hierdie geloof in die evangelie is elkeen in hierdie gemeente heilig! Daar is nie net 8050 van hulle nie. In hierdie geloof is elke sonder wat in Christus ingesluit is om Christus se geskiedenis met Hom te deel, een van die biljoene heiliges van die Here se kerk: die heilige algemene Christelike Kerk van die Here, die gemeenskap van die heiliges.

Hulle wat van Jesus se geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding net weer 'n voorbeeld maak van hoe jy soos Jesus moet wees en leef, is die skynheiliges.

Wanneer hulle vir ons voorhou dat hulle dit reggekry het om soos Jesus te wees, te leef en gedoop te word, dan weet ons hulle lieg vir ons.

Jesus is nie ons voorbeeld nie. Hy is ons gawe.

Martin Luther het in 1521 hierdie belangrike stelling gemaak wat 8050 heiliges tot niet gemaak het: wanneer Jesus net vir ons kom wys het wat om te doen en dat ons dit soos Hy moet doen, dan help hy ons net so min as wat enige van hierdie 8050 heiliges van die Rooms Katolieke Kerk ons help. Hierdie Jesus wat ons net sou kom wys hoe om soos Hy te wees – maak mense huigelaars, nie heiliges nie.

Ons kan nie soos Jesus wees nie. Hy moet wees soos ons moes wees en ons insluit in dit wat ons ons nooit kan wees of doen nie. Hy is ons gawe. Ons is sy geskiedenis!